

September Nuusbrieff 2018 / September News Letter 2018

Streeks 2018

Deur Zindi van Zyl—Hoërskool Montagu, Gr.9

Van 26 -29 April 2018 het leerders, student en onderwysers bymekaar gekom vir die jaarlikse Landsdiens Streekskamp by Kopbeenskloof of meer bekend as "Oom Wouter se plaas".



Daar was allerhande uitdagings wat vir ons as leerders voorgelê het. Ons het mekaar oor mure getel en deur "tyres" gestoot. Daar was 'n skattejag gehou waar ons amper die hele plaas volgeloopt het op soek na ons volgende leidrade en speletjies. Dis tog net op Landsdienskampe waar jy nie sal omgee om pasta met soja sous te eet as uitdaging nie.

Ons was elke oggend behoorlik wakker gemaak deur juffrou Lizanne en haar "kry daai lyf"-sessies doudoed. Ons het "balle gedrop" en "aces" geslaan op die wysie van die tennis "tune".

Saterdagmiddag het ons almal vertrek na Giel se Gat vir 'n middag van arbeid en opwindings. Oom Wouter het vir ons van sy legendariese stories vertel en toe spring ons aan die werk. Ons het bossies uitgetrek en in 'n rivierstroompie rondgeloopt. Dit was vir my persoonlik die eerste keer by Giel se Gat en hopelik nie die laaste keer nie. Die pad daarheen was lank en warm, maar met die lekker geselskap het die tyd vinnig gevlieg.

'n Aand van pret en raaisels was deur die onderwysers beplan toe hulle 'n "Murder Mystery Dinner" gehou het waar jy as een of ander karakter die "moordenaar" in die groep moes uitvang.

In die koue nagte het ons ons harte warm gesing onder die

sterre by 'n warm kampvuur, verenigd as God se kinders. Daar was gedans, gesing, gelag en gehuil op die kamp. Die doel van die kamp was hoofsaaklik om 'n gelukkige groep kinders te kies vir Nasionaal aan die einde van die jaar in Jeffreysbaai.

Toe dit tyd was vir groet en vertrek was almal se harte swaar.



Dit was 'n kamp waar jy jouself en ander beter leer ken het. Nou moet ons ons tweede familie agterlaat - tot volgende keer.

**8 DAYS TILL
FEAR FACTOR
ONLY ON**

PROVINCIAL
CAMP 2018



#Provincial Camp 2018
7 days to go

STARTS

THE NEW SEASON OF
the BIG BANG THEORY



2 days until



**Murder
Mystery
Dinner**

#Provincial Camp 2018



ARE YOU THE NEXT GLEE MEMBER?
DON'T MISS YOUR ONE AND ONLY CHANCE!
ONLY 5 MORE DAYS TILL TRY-OUTS



Strand hou hul self besig die afgelope paar maande

Deur Charmaine de Kock



Gedurende die eerste kwartaal het ons 'n "ysbreker-ken mekaar" vergadering gehou, waartydens die lede Octagon Kalenders gemaak het.

Uitreik na Goeie Hoop kinder en jeug sentrum in Gordonsbaai. Dit is 'n sentrum vir kinders wat weggegooi of van hul ouers af weggenem is , a.g.v. omstan-



dighede. Ons het 'n skenking gemaak vir rugby- en netbal balle asook sanitêre doekies vir die ouer dogters. Die lede het die middag daar spandeer om spelletjies met hulle te speel. Dit was 'n reuse sukses en ons sal weer soontoe gaan.

Ons het gedurende die tweede kwartaal, die EMO ambulans-groep genooi om 'n praatjie te

kom lewer om ons meer te vertel oor die hulself en ervarings.



Ons het pakkies met lekkergoed opgemaak om dankie te sê vir die verskil wat hulle in die gemeenskap lewer. Ons het nuwe respek gekry vir die lewe as 'n paramedic.

Die klub het gedurende die eerste 6 maande van die jaar wol ingesamel. Die wolprojek was vir Huis Marie Louw in Somerset Wes. Die tannies gebruik dit om beertjies te brei, wat hulle op hul beurt weer vir kinderhuise ens. skenk. Die wol was met groot blydschap en waardering ontvang.

Ons het vir Moedersdag 'n mode parade/konsert vir die inwoners

van Huis Jan Swart gehou. Die lede het uitrustings van herwinde materiaal gemaak. Ons het tussen die inwoners beweeg en bietjie met hulle gesels. Ons het die dag afgesluit deur vir elkeen 'n cupcake en 'n drukkie te gee.

Dit was 'n heerlike dag en die inwoners het dit terdeë geniet.





Die afgelope paar maande het die Wes-Kaap Provinsie hulle sles baie besig gehou die afgelope paar maande vanaf die studente wat lekker Putt-Putt speel tot Praise en Worship aand by NG Kerk Oostersee.



On the eve of Easter Sunday, the 'Baba-Tiertjies' took marshmallow eggs to all the Grandparents at 'Huis Martina'.

In middle April some of our Land

Service Students helped with a games afternoon, held at Huis Martina.

Gedurende Mei maand, was



daar verskeie sosiale geleenthede vir ons skoliere. Op die 22ste Mei het Fairmont Hoërskool 'n heerlike sokkie aand gehou, waar almal lekker gedans en ge-eet het.

Vroeër in Mei maand het een van ons Volwassenes, Stéphé

oop en die geld aan LEAPS geskenk. Sy het ook groente skenkings gemaak aan Wes-Kaap Helpers en hulle gehelp in die sop kombuis. Landsdiens is baie trots om geassosieer te wees met sulke besondere leerders.

Gedurende July het Wes-Kaap Landsdiens twee vragte klêre geskenk aan die 'Haven Night Shelter'. Ons het meer sulke projekte nodig op 'n maandelikse basis.



Ons leerders is ook besig om hulle merk te maak op die gemeenskap. Carla Moster, 'n Gr.8 leerder van HTS Drosdy, het 'n jaar projek aangepak deur plastiek doppies in te samel, dit verk-




Mijlof, 'n 'Line dancing' aand gehou.



On the eve of Easter Sunday, the 'Baba-Tiertjies' took marshmallow eggs to all the Grandparents at 'Huis Martina'.





Nasionals is om die draai!

Deur Tandi Viljoen, Wes-Kaap Voorsitter

Hierdie jaar vind die Nasionale kamp in twee provinsies plaas. Suid-Kaap nooi die laerskool leerders na die lieflike dorp van Oudshoorn. Die kamp vind plaas te De Hoek en beloop om vet pret te wees. Lizanne Muir en Pieter Venter is gekies om saam met die leerders te kamp. Baie geluk aan die volgende leerders wat gekies is om die kamp by te woon, dit is 'n besondere prestasie. Die hoërskool groep gaan bietjie in Oos-Kaap kuier te Mentorskraal in Jeffreysbaai. Tandi Viljoen, Jacques Geustyn, Elzette du Toit en Francois de Wet verteenwoordig die hoërskool kinders by die kamp.

Laerskool Seuns

Krige du Toit

Henro du Preez

Franco Stemmet

Lu-Wyk Steyn

Drew van Leeuwen

Jaimane Leeuw

Jamie Leeuw

Tristan Hannekom

Laerskool Dogters

Mieke van Dorp

Shani Viviers

Jenna Strauss

Kayla Pietersen

Abigail Venter

Lyra-ann van Tonder

Jana Loots

Emogene Prinsloo

Liezl Clarence

Kari van den Berg

Elzé Marais

Anneen Cornelissen

Graad 8-9 Seuns

Dewaldt Geustyn

Albertus Roux

Dalton Lennox

Connor Hess

Christo de Wet

Graad 8-9 Dogters

Tanika Crafford

Tiana Snyman

Wilmien Roux

Nicola Roux

Carla Mostert

Clarissa Scholtz

Mieke Geldenhuys

Mikaela Labuschagne

Karli Lamprecht

Zindy van Zyl

Nicole Osborne

Graad 10-12 Seuns

Michiel Basson

Hanno Groenewald

Franco Hugo

Matthys Basson

Graad 10-12 Dogters

Nicole van Zyl

Larissa Pullinger

Michaela Curruthers

Janice Heyneke

Ansune Snyman

Danielle Kotzee

Jeanette Roux

Nelanda Wessels

Tyala King

Loulein de Kock

Kristy Louw

Maryke Holtzhauzen

Natasha Spangenberg

Juanika Fritz

Abby Lourens

Wat om na uit te sien vir 2018

Deur Jacqui Kriel

Making 2018 the most productive year ever



2018 gaan 'n besige jaar wees vir Wes-Kaap Landsdiens en dit is hoe ons daarvan hou.

Hierdie jaar gaan ons elke kwartaal 'n lekker groot uitreik hou. Wat al die klubs betrek. Die doel is om soveel as moontlik uitreike suksesvol te handaf.

Ons wil ook hierdie jaar vir beide die Hoërskool en Laerskool leerder 'n kans gee om meer as net op kampe mekaar

te sien. Hoe ons dit wil bereik is deur fliëk aande te hou en verskeie dorpe en ook danse(of altans sokkies). Dit is om die kinders meer geleenthede te gee om mekaar te sien.

Hierdie is ook 'n uitdaging vir klubs in die selfde areas soos die Kaap en Paarl om aktiwiteite saam aan te bied en so ook ander klubs nooi om saam deel te neem.

Wat om voor uit te sien vir die res van 2018:

07 September: Praside and Worship—Kaap

07 September: Fliëkaand—Worcester

13 Oktober: Netbaldag

28-29 Oktober: Oobruuggings Kamp

2-4 November: Graad 1-6 Kamp

***Let asseblief op dat dat party datums dalk mag verander, so hou inkontank met jou klub leier om datums te bevestig.**

Vir Enige navrae oor algemene Landsdiens dingetjies, kontak asseblief die Wes-Kaap Landsdiens Kantoor:

Elzette du Toit

landsdienswk.kantoor@gmail.com

072 395 8114

For any inquiries regarding the newspaper please contact:

Tandi Viljoen

wes-kaap@landsdiens.co.za

073 679 8770